# UP hou eerste Boekjol

Die Universiteit van Pretoria (UP) bied van 5 tot 8 Maart die eerste Boekjol op dié kampus aan.

Monica Hammes, koördineerder van die boekfees, beskryf dit as die hoofstad se eerste boekfees.

Die program sluit uitstallings, gesprekke en voorlesings in. Bywoning is gratis.

Joan Hambidge se nuwe roman, *Palindroom*, word Woensdag om 17:35 bekend gestel in die Rautenbachsaal, onder die Aula.

Die amptelike opening van die boekfees vind Woensdagaand plaas.

Die digter dr. Mathews Phosa is die gasspreker. Die UP se dramadepartment bied dieselfde aand die produksie *The long read to wisdom* aan. Die toneelstuk sal ook Donderdag om 19:00 op die planke wees.

Donderdag se program sluit onder meer 'n poësie-oggend in.

Die digters Joan Hambidge, Cas Vos, Dolf van Niekerk en Andries (Roof) Bezuidenhout sal tussen 10:00 en 13:00 oor hul werk gesels.

Kinders kan van 16:00 hul penne in slym doop en saam met die kinderboekskrywer, Fanie Viljoen, prentjies teken.

Shimmer Chinodya, die wenner van die Noma Award for African Writing, gesels om 16:00 oor sy boeke.

'n Seminaar oor die e-boekfenomeen word Vrydagoggend om 08:30 in die Aula aangebied. Dit kos R100.

Uitstalling en poësievoorlesings van die sogenaamde EPOS I en EPOS II-groep van Vlaamse en Suid-Afrikaanse woord- en beeldende kunstenaars, maak deel uit van die week sy gebeure.

Die volledige program is beskikbaar by www.bookjol.up.ac.za/writers of ☎ 012 450 2811.